

Beeld

Reël jou eie lekker nommerpas-begrafnis en spaar!

Published: June 15, 2007

From: http://www.news24.com/Beeld/In-Diepte/0,,3-67_2130903,00.html Al hoe meer mense beplan hul eie begrafnisse tot in die fynste besonderhede - van die spyskaart tot die musiek. Kenners sê dis omdat die baby boomer s nou oud word. Dié generasie is bekend daarvoor dat hulle alles wil beheer, selfs al is hulle ses voet onder die grond.

Die jongste tendens in die begrafnisbedryf is om jou eie begrafnis vooruit te beplan. In die VSA word dié gier reeds vergelyk met die welvarende troue-beplanningsbedryf.

Volgens mnr. Mark Duffey, 'n Amerikaanse begrafnisbeplanner, is die dryfveer agter dié tendens die baby boomer-generasie, mense wat in die nasleep van die Tweede Wêreldoorlog gebore is.

Baie van hulle reël nou hul ouers se begrafnisse en dit laat hulle dink oor hul eie "laaste geleentheid op aarde".

Die dood is nie meer vir hulle 'n taboe onderwerp nie en hulle is vasberade om dit op hul eie manier te doen – tot in die fynste besonderhede.

"Hulle wil nie stadig en stil heengaan nie. Hulle wil dit luidrugtig, skoppend en skreeuend doen," sê Duffey, wie se begrafnisbeplanningsmaatskappy, Everest, al sowat 65 000 "nommerpas" begrafnisse help reël het.

"Hierdie mense wil dalk nie 'n groot, spoggerige kis hê nie, maar 'n rockgroep wat by 'n restaurant optree. Hulle wil dalk nie 'n groot gedenksteen in 'n begraafplaas hê nie, maar eerder 'n groot skenking aan 'n hospitaal maak. Boomers wil begrafnisse hê met 'n tema, wat vir die oorledene iets beteken. Hulle wil onthou word – in teenstelling met hul ouers, wat meer konserwatief was en nie 'n oorlas wou wees nie."

Me. Honey Leveen, 'n vrou van Houston, Texas, is net 48 jaar oud, maar het reeds haar begrafnis haarfyn beplan – van die musiek tot die spyseniers.

"Ons wil 'n lekker partytjie hê. Dit sal in 'n openbare park met fonteine, 'n tent en baie goeie kos wees. Die musiek moet 'n watertema hê, iets soos die Beatles se 'Yellow submarine'."

Op die vraag hoekom sy al dié moeite doen, antwoord sy: "Ek is lief vir my familie. Ek wil nie hê hulle moet enige kwellings (oor begrafnisreëlings) hê nie."

Me. Jessica Koth van die nasionale begrafnisvereniging in die VSA, sê baie mense wil vriende en familie die trauma van begrafnisreëlings spaar.

"Daar is 'n skerp toename in die aantal mense wat kies om hul eie begrafnisse te beplan," sê Koth.

"Hierdie tendens kan toegeskryf word aan die baby boomers wat oud word en wat bekend is daarvoor dat hulle graag alle aspekte van hul lewe wil beheer en hul eie idees wil ontwikkel."

Die toenemende gewildheid van verrassings maak dit ook makliker om die "viering" van jou afsterwe 'n unieke geleentheid te maak, meen Duffey. "Dis baie makliker sonder 'n kis. Dan kan jy enigiets doen wat jy wil."

Só 'n begrafnis kan jou heelwat minder uit die sak jaag as 'n tradisionele begrafnis, meen kenners.

Morbiede, tradisionele begrafnisse se dae is buitendien getel.

Dit raak al hoe meer 'n jolige geleentheid waar die begrafnisgangers die oorledene se lewe vier, eerder as om sy afsterwe te betreur.

"Dit gaan oor 'n kopskuif: om begrafnisse anders te benader. Dis 'n viering van 'n lewe, veral as dit 'n lang, goeie lewe was," sê me. Lynn Isenberg, stigter van Lights Out Enterprises.

En volgens Duffey kan jy kies en keur hoe jy wil hê mense oor jou moet lag of treur.

"Dit kan 'n motorfiets-pretren in 'n woud of 'n visvangtema op 'n boot wees. Jy kan 'n partytjie by jou gunsteling-restaurant, park of sportstadion hou. Die keuses is nimmereindigend." – Sapa-AFP

CLOSE WINDOW